DEEL 116 | WEEK 2 | 12 JANUARIE | 2024 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# So vang Heilbron Boere 'n veedief

Faan Potgieter, van die plaas Langverwacht in die Deneysville-distrik het sy nuwe jaar met 'n bietjie geluk begin, danksy David Potgieter. Volgens David het hy sekuriteitspersoneel aangestel om op sy plaas te patrolleer. Patrolleerders het hom omstreeks halfvier gekontak en gerapporteer dat skape op die plaas aangejaag word. David en sy seun JC Potgieter het nie gehuiwer nie en is onmiddellik na die toneel toe, gewapen met nagsigtoerusting. JC het hom bewys as 'n meester in die hantering van nagsigtoerusting deur vinnig die eerste verdagte op te merk. David kon met die toerusting 'n kort video opname maak en op die plaaslike Whatsapp-groep stuur. Hierdie individu is onmiddellik op David se plaas Goedehoop vasgetrek. Daar was nog twee verdagtes op vrye voet, maar die polisie en medeboere in die omgewing is in kennis gestel en het dadelik aksie geneem om hulle op te spoor. Met sonsopkoms het David sy vliegtuig gebruik om die area vanuit die lug te dek en die ander twee verdagtes te lokaliseer. Daar is beweer dat die een wat reeds gearresteer is, op 'n buurplaas naby David gewoon het en blykbaar bekend is onder sy werknemers. Alhoewel die twee verdagtes steeds vry is, is hulle bekend aan die gemeenskap, en een van hulle is selfs 'n voormalige oortreder. Die flinke optrede van David en sy sekuriteitspersoneel het gelei tot die herwinning van 41 van Faan se skape. Volgens inligting ontvang sal een van die gearresteerde verdagtes binnekort in die Heilbron hof verskyn op aanklag van veediefstal. Dit is nie die eerste keer dat Faan Potgieter onder veediefstal deurloop nie. In 2020 is 18 van sy skape gesteel met 'n geskatte waarde van R54 000. Gelukkig is 16 van die skape lewendig gevind, maar twee was dood aangetref in Zamdela. Die gemeenskap is bly om te sien dat geregtigheid geskied het, soos met die vonnis van drie veediewe tot vyf jaar tronkstraf vir hulle betrokkenheid by 'n vorige diefstal op die plaas Langverwacht van Faan Potgieter Jnr. Hierdie vonnis is deur Landdros Moos van Bloemfontein uitgespreek.

Faan Potgieter en sy gemeenskap hoop dat hierdie jongste voorval as 'n waarskuwing sal dien vir potensiële veediewe, en dat die gemeenskap saam kan werk om die veiligheid van hul plaaslike landbougebiede te verseker.










# UIT DIE PEN: Week 2 van 2024



Ons begin hierdie jaar skoon en nuut. Wat 'n voorreg! Mag 2024 vir jou vreugde bring. Iets wat diep van binne af kom. Nie 'n oppervlakkige gelag en gegiggel nie, maar 'n lekkerte wat van diep binne af kom.

Sondag vra die dominee of ons al enige interessante voornemens vir 2024 gehoor het? Synde ek glad nie 'n voorneme mens is nie, kry ek geen diep begeerte om te besluit dat ek vanaf 1 Januarie 2024 iets anders wil doen nie.

Natuurlik was daar die een kleutertjie wat altyd die "kerk"-antwoord gee: Om meer soos Jesus te wees. Ja, ek stem saam. Dit moet 'n voorneme wees wat elke dag voorop gestel word.

Iemand anders sê: Om die jaar te vat soos hy kom. Ja, dit klink amper na myself.

Later, toe ons by die huis is, onthou ek dat iemand vir my gesê het dat hulle wens dat daar meer tyd in 2024 gaan wees om gewig te verloor. Ek lag lekker daaroor. Het sommer diepe binnepret ook, want ek kan daarmee vereenselwig.

Verlede jaar het ek probeer om elke week 'n les te deel. Ek weet glad nie hoe suksesvol ek was nie, maar ten minste het ek uit my eie lesse geleer. Hierdie jaar gaan ek probeer skryf oor dinge waaroor ek bespiegel en nie verstaan nie. Mý dinge en mý wonder. Jy gaan "perdalks" met my verskil, en jy mag. Want dit is waarom ek daaroor wonder: want ek weet nie. Ek wonder of jy my dalk kan help.

Vandag se wonder handel oor kampeer. Wanneer jy jou tentjie vat en dit iewers gaan opslaan. Want dan is jy so naby aan die natuur, sê hulle.

Ek is nie 'n happy camper nie. Ek doen nie tente nie, ek hou nie van karavane nie en verkies om nie 'n ablusieblok te gebruik nie.

Kleintyd het my gryse ou pa (toe nog nie so baie grys nie), vir ons 'n groen Jurgens karavaan gekoop. Groot genoeg vir pa, ma, rooikopsussie en myself. Daar was 'n tent wat opgeslaan moes word. Vooraf het ons die kombuisgoed gewas en gesorg dat die voorrade vol is: skottelgoedseep, mieliemeel, koekmeel, bakpoeier, sout, peper, asyn, kookolie, tamatiesous, noem maar op.

My goeie man vertel dat hulle 'n lysie gehad het waarvolgens alles ingepak moes word. Alles is op die kombuistafel gepak en die lysie afgemerk. Toe hulle uiteindelik by die kampeerplek aankom, was die lysie ingepak, maar al die items het nog op die kombuistafel gestaan.

Wanneer die voorrade aangevul is, was dit tyd om die karavaan skoon te maak. Skoon beddegoed is saamgevat, handdoeke, afdroogdoeke, waslappe. Die vloer gevee en al die oppervlaktes skoongemaak.

Daarna is al die bagasie ingepak: klere in die kas (as daar plek was, andersins in jou tas) en al die ander benodighede iewers in die karavaan. Dan die tent opvou en seker maak dat dit saam met al die tentpenne ingepak word.

Iewers, na al bogenoemde en nog meer, gedoen is, het my gryse ou pa aangekondig dat ons gaan ry. Hy het nog sulke snaakse, groot kantspieëls teen die motor se deure vasgesit. Die hond is gegroet en daar gaan ons.

By die bestemming aangekom, word die karavaan onder 'n boom ingetrek, naby die ablusieblok was die eerste prys. Dit is stabiel gemaak. Die tent uithaal en op 'n manier ingeryg en die tentpenne op die regte plekke ingedruk. Die grondseil word uitgehaal. Ek kan nog die klank van die grondseil onder my voete onthou. En die groot gril as daar sand tussen my tone en die grondseil was. Ek hoor dat mense sê dat 'n karavaan tjoef-tjaf op- en afgeslaan word. Wat ek nou nog nie glo nie.

Iewers moes ons kosmaak in 'n bakkie wat te klein was en dit opgeskep in melanien borde. Daar was messe wat nie lekker kon sny nie. Ons moes in seilstoele sit en op ons skote eet. Groterige gemors. Al die borde is dan in 'n plastiek wasskottel gepak en na die gemeenskaplike opwasplek gedra. Daar het mense geklets terwyl hulle skottelgoed moes was. Uiteindelik is die skoon skottelgoed weer teruggedra na die karavaan waar dit uitgepak moes word.

Wanneer jy toilet toe moes gaan, het almal daarvan geweet. Veral die rede vir die toiletbesoek: probeer nou 'n tydskrif na die kleinhuisie toe smokkel. Dis onmoontlik. Deesdae is daar selfone, maar ek was nog nie weer by 'n ablusieblok nadat selfone die lig gesien het nie.

Wanneer die vakansie verby is, moet jy weer deur al die oefeninge gaan: alles uit die tent verwyder, dan die grondseil opvou en die tent afbreek. Alles inpak, klere, gewere, die toetie. Jy kom uiteindelik by die huis en pak alles weer uit. Nog erger: alles moet weer skoongemaak word en netjies ingepak word. Net om weer met die siklus te begin wanneer die volgende vakansie aanbreek.

Nee, ek kan nie. Ek sien glad nie die nut daarvan in om jou huis saam te vat wanneer jy met vakansie gaan nie. (Dis seker hoe 'n slak of 'n skilpad ook voel: om die hele tyd met jou huis op reis te wees).

Vir my is dit erger, want dit voel asof jy dieselfde huistake net in die ongerief van 'n karavaan doen. Wat vir my glad nie sin maak nie.

Vakansie is mos rustyd. Om luilekker rond te sit en nie aanmekaar te moet skoonmaak nie. Om dalk die Huisgenoot op die toilet te lees, sonder dat die res van die kampeerterrein daarvan weet.

Ek voel naby aan die natuur wanneer ek langs die strand stap en later in 'n regte bed in 'n regte kamer in 'n regte gebou kan gaan lê. Ek voel ook naby aan die natuur wanneer ek langs 'n regte tafel sit sonder om die wêreld vol te mors. Ek is naby aan die natuur wanneer ek na 'n sonsondergang deur 'n venster kyk.

Ek verstaan dit glad nie van kampeer nie, nog minder van 'n karavaan. Maar as dit vir jou lekker is, gaan gerus voort. Ek sal vir jou deur my kamervenster waai.

# Twee motorongelukke dae uit mekaar





Die feestyd bring dikwels 'n toename in motorongelukke. Volgens plaaslike owerhede het daar gelukkig geen ernstige ongelukke in en om Heilbron plaasgevind nie. Daar is wel tydens die Desember vakansie twee voorvalle gerapporteer op die Heilbron-Petrus Steynpad in Langmarkstraat, naby die afdraai na Vegkop. Beide ongelukke het dae uit mekaar plaasgevind, en in albei gevalle het die motoriste na bewering beheer oor hul voertuie verloor nadat hulle om die draai gekom het. Die oorsaak van hierdie ongelukke word toegeskryf aan oormatige spoed. In die eerste insident het 'n voertuig in die palissade heining van 'n erf beland en ongeveer 'n dag daarna het 'n tweede motor teen 'n boom en 'n lamppaal vasgejaag. Hierdie ongelukke werp die kollig weer op die Heilbron-Petrus Steynpad se geskiedenis van ongelukke, en dit blyk dat hierdie spesifieke roete 'n neiging het om 'n risiko vir motoriste te wees. Dit wil voorkom dat dit bestuurders van buite Heilbron is was die draai onderskat en beheer van hul voertuie verloor.


POSTNET HEILBRON

BESIGHEIDSURE

**Maandae - Vrydae:** 08:00 - 16:30
**Saterdae:** 09:00 - 12:00

*Elsstraat 42, HEILBRON*
*Tel: 058 853 0006*


# 'n Verdienstelike Nuwejaarsvoorneme

## *Skenk bloed in Heilbron*

Nuwejaarsvoornemens behels dikwels die opgee van iets. Hierdie jaar vra die Suid-Afrikaanse Nasionale Bloeddiens nie dat jy iets opgee nie, maar eerder dat jy iets gee – bloed. Bloedskenkings red lewens. Dit is 'n maklike voorneme om te maak en by te hou.

Die Suid-Afrikaanse Nasionale Bloeddiens (SANBS) nooi die gemeenskap van Heilbron uit om bloed te skenk, Dinsdag, 23 Januarie 2024 by die NG Suid Kerksaal, vanaf 13h00 tot 19h00.

Daar moet elke dag 3500 eenhede bloed ingesamel word om aan hospitale in Suid-Afrika te verskaf. Die behoefte aan bloed is deurlopend – daar vind elke 35 sekondes 'n bloedoortapping in Suid-Afrika plaas.

Om 'n bloedskenker te wees, moet jy
- Tussen die ouderdom van 16 en 75 wees
- Meer as 50kg weeg
- 'n Veilige leefstyl lei
- Gesond wees op die dag van jou skenking

Skenk bloed. Jou bloed red lewens.

SANBS
South African National Blood Service
Suid-Afrikaanse Nasionale Bloeddiens

# Bejaardes by Huis Bron-van-Heil bederf tydens feesseisoen


Die bejaardes by Huis Bron-van-Heil is tydens die feesseisoen behoorlik bederf, en dit was nie net 'n spesiale tyd vir die inwoners van die oord nie, maar ook 'n blywende herinnering aan gemeenskapsliefde en omgee.


Nie net het die AGS Heilbron Kerk en Pitstop vir Jesus 'n besoek aan die bejaardes gebring nie, maar daar was ook 'n spesiale bydrae van die kleinspan by Bronnies Kleuterland. Annemarie Hayward, skoolhoof van die skool, het die wonderlike inisiatief geneem om nie net die ouer mense te bederf nie, maar ook om die kleuters te betrek en liefde te deel. Annemarie het vertel hoe die bejaardes glimlagte en drukkies met die kleuters gedeel het.

Die gesig van die ouer mense wat vir die kleuters drukkies gee, was 'n hartverwarmende toneel wat die ware gees van die feesseisoen vasgevang het. Nie net het die bejaardes geselskap geniet nie, maar daar was ook 'n deel van die liefde van die seisoen in die vorm van geskenke en lekkernye.


Annemarie Hayward het die dag beskryf as "verskriklik lekker," en dit was duidelik sigbaar dat die bejaardes nie net fisiek bederf was nie, maar dat hulle harte ook oorvol vreugde en tevredenheid was. Die inisiatief het nie net 'n eenmalige geleentheid geskep nie, maar 'n waardevolle herinnering aan die krag van liefde en omgee binne die gemeenskap van Huis Bron-van-Heil.













Raak volgende week deel van ons lekker lees gemeenskap koerant en stuur jou nuus en mylpale deur na Heilbron Herald. Kontak gerus vir Hendie Lötter by 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za





VLEISSENTRAAL
DIE BESTE BOD

BESTUURDER
P.J. Müller 060 966 9340

AFSLAER
Ian Grobbelaar 060 965 6207

Frankfort/Roadside/Cornelia
Corjan de Jager 079 506 8777

Frankfort/Cornelia/Oranjeville/Roadside
Fanie vd Merwe 082 494 3127

Tweeling/Reitz/Petrus Steyn/Frankfort
David Gerber 082 489 7424

Villers/Cornelia/Grootvlei
Fanie vd Merwe (junior) 061 180 6802

Villiers/Cornelia/Grootvlei
Pula Giliomee 082 788 5338

Heilbron/Edenville/Oranjeville
Hugo Groenewald 082 569 7205

VLEISSENTRAAL JJ HADEBESTRAAT 77 FRANKFORT (Langs Frankfort Bearings)



| POSITION TITLE | Line Supervisor – Peanut & Tree Nut Dept, Pakworks (Pty) Ltd |
|---|---|
| MAIN PURPOSE OF ROLE AND GENERAL ROLE EXPECTATIONS | Pakworks is an industrial food processor in South Africa that manufactures snacks for blue chip companies.<br><br>The position will report to the Line Manager and will supervise and control production, plant and processes in the Peanut and Tree Nut Factories. |
| LOCATION | The position will be based in Heilbron, South Africa. |
| REQUIRED MINIMUM EDUCATION/TRAINING | Grade 12<br>Microsoft Excel |
| REQUIRED MINIMUM WORK EXPERIENCE | • Minimum 2 years' experience in Manufacturing (Snack production experience will be an advantage) |
| KEY PERFORMANCE AREAS | • General Supervision Duties.<br>• All first offence disciplinary steps.<br>• Attendance register and reconciliation with Wage department.<br>• Raw Material control and stocktake.<br>• GMP and Hygiene – adhering to all food health and safety requirements.<br>• Daily reconciliation of finished goods packed<br>• Training of workers. |
| TECHNICAL KNOWLEDGE / COMPETENCIES | • Excellent leadership qualities.<br>• Strict and accurate.<br>• Well versed in production and packaging processes.<br>• Microsoft Excel |
| BEHAVIOURAL COMPETENCIES | • Result driven.<br>• Integrity.<br>• Ability to work long hours.<br>• Good Communication skills.<br>• Live the Company's values. |

**Closing date: 19 January 2024.**
**Forward comprehensive CV to the Human Resources Manager – Riana Greyling**
**Tel: 058 852 3068 * E-Mail: riana@pakworks.co.za**

PAKWORKS QUALITY SNACKS FOR AFRICA






DIAL *134*843# AND USE THE UIF USSD TO

- Check your claim status
- Check your payment status
- Submit continuation of payment
- Check employee registration
- Submit a complaint
- Find your nearest labour centre

The service is free!

Follow us on: UIFZA @UIFBenefits UIF_Benefits @UIF Benefits 0800 030 007

employment & labour
Department: Employment and Labour
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

UIF

# Special Year-end function for Sandersville Combined School teachers



In December, the governing body of Sandersville Combined School treated the teachers to a special year-end function at the Heilbron Golf Club. This event was a heartfelt way to acknowledge the hard work and dedication of the teachers throughout the past year. The afternoon commenced with an atmosphere of gratitude and camaraderie among the educators.

The hall was filled with the delightful aroma of tastefully prepared cuisine, specially crafted for this occasion. The hall was also beautifully decorated to make the day extra special. However, the highlight was not just the delicious food but also the touching speech delivered by the governing body. The speech emphasized the dedication and sacrifice of the teachers, who not only impart curriculum but also shape lives and influence the future of the youth.

After the speech, it was time for the teachers to unwind and enjoy the afternoon. They sat together at tables, shared laughs, and reminisced while savouring the delicious food. This occasion not only strengthened the professional bond among teachers but also created a sense of appreciation for the crucial role they play in the community.

# Heilbron/Phiritona dalk by Sasolburg ingelyf?

Die Munisipale Afbakeningsraad oorweeg tans die herafbakening van munisipale grense. 'n Omsendbrief pas uitgereik sit alle voorstelle wat die Raad ontvang,oorweeg en aanvaar of verwerp het, uiteen. Die voorstelle wat aanvaar was word verder ondersoek en sal nou in Provinsiale Koerante gepubliseer word vir indiening van besware. Die enigste voorstel wat Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit aanbetref wat verder gevoer sal word, lees as volg:

"In terms of section 21 of the Local Government Municipal Demarcation Act, 1998 ( Act No 27 of 1998) the Municipal Demarcation Board has re-determined the municipal boundaries of Ngwathe Local Municipality (FS203) and Metsimaholo Local Municipality (FS204) by excluding Heilbron town, Phiritona and surrounding farms from the municipal area of Ngwathe Local Municipality (FS203), and by including them into the municipal area of Metsimaholo Local Municipality (FS 204)".

Volgens Vryheidsfront Plus raadslid Phillip van der Merwe is daar 'n groep wat hulle reeds jare lank al beywer vir die inlywing van Heilbron by Sasolburg en dit kom voor asof die proses uiteindelik momentum begin kry het. Die voorstel het egter 'n paar jaar gelede ook voor die Afbakeningsraad gedien en het toe hewige protes gepaard met onluste uit die geledere van Metsimaholo ontlok.

Die verwagting is tans dat die kennisgewing op 12 Januarie 2024 in die Provinsiale Koerant sal verskyn en persone wat beswaar wil aanteken 30 dae sal toelaat om so te doen. 'n Finale besluit oor die herindeling sal geneem word nadat alle besware oorweeg was.




# Waterkrisis in Heilbron sleep voort


Sedert Randwater, verskaffer van Heilbron se water, op 14 Desember 2023 vloeibeperkings op verbruikers ingestel het, ervaar talle inwoners erge waternood. Die beperkings is toepaslik op drie stelsels wat volgens Randwater onder kapasiteitsdruk is, nl. Eikenhof, Mapleton en dié van Vereeniging Vanderbijlpark Sasolburg.

Volgens Randwater het buitengewone aanvraag gedurende Desember veroorsaak dat reservoir vlakke in dié stelsels tot 38% gedaal het en moes die maatreëls ingestel word om vlakke tot 60% te stabiliseer. Heilbron ontvang sedertdien slegs ongeveer 4,4 Megaliter water per dag teenoor die gebruiklike 8 Megaliter. "Dit is eenvoudig nie genoeg om die hele gemeenskap van water te kan voorsien nie," sê Vryheidsfront Plus raadslid Phillip van der Merwe. Die gevolg is dat laerliggende dele meer gereeld water het, terwyl hoogliggende dele meesal geen of min water kry nie.

Daar is tans 'n petisie in omloop waarin onder andere aangedring word dat voldoende water, wat 'n grondwetlike reg is, deur die munisipaliteit verskaf moet word en dat die hulp van 'n oud munisipale amptenaar ingeroep word om punte op die netwerk te identifiseer wat moontlik dele van die netwerk by tye kan afsluit ten einde 'n meer eweredige verspreiding van water moontlik te maak. Die petisie sal eersdaags aan die burgemeester oorhandig word.

Dit is tans onduidelik in welke mate wanbetaling van Randwater se skuld waterlewering aan Ngwathe beïnvloed daar die waterverskaffer op 8 Desember 2023 in 'n kennisgewing vyf wanbetalende munisipaliteite uitgewys het wat volgens hom "onderhandelingsprosesse misbruik terwyl hulle geen bedoeling het om hul skuld te betaal of betalingsooreenkomste te sluit nie." Ngwathe was toe met R 57,6 miljoen agterstallig. Gevolglik is 'n dispuut tussen regeringsorgane aanhangig gemaak om die munisipaliteite tot betaling te dwing. "Ek verstaan egter dat daar wel in Desember 2023 'n betaling aan Randwater gedoen is wat waarskynlik die druk sal verlig," sê raadslid van der Merwe.

Duidelikheid oor die huidige vlakke van die ter sake reservoirs of 'n aanduiding wanneer lewering sal normaliseer kon tot hede nie bekom word nie. "Randwater se amptenary is verbied om direk met raadslede te kommunikeer of inligting aan hulle te verskaf en navrae aan die burgemeester word tans nie beantwoord nie." Volgens raadslid Van der Merwe is daar dus nog geen duidelikheid oor wanneer die normale toevoer moontlik herstel sal kan word nie.



Raak volgende week deel van ons lekker lees gemeenskap koerant en stuur jou nuus en mylpale deur na Heilbron Herald.
Kontak gerus vir Hendie Lötter by 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za

# SMALLS




## STUDENTEVERBLYF

**Studenteverblyf in Bloemfontein Universiteit Vrystaat**
Kamers vir studente (slegs dames) beskikbaar. Huis het 6 kamers 3 badkamers, gesamentlike kombuis en woonkamer.
1.5 km van Weshek UV. swembad en braai, afdakke vir motors.
24/7 Sekuriteit.
**Skakel Jakkie 082 202 5943**

## TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

## DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING 082 851 6158
OF PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

**BAAL / SNY & BAAL ...**
**Vir sny-, hark- en baalwerk.**
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**
R

**BIBLIOTEEK OOP**
*Piercestraat 66 • Heilbron*
Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

heraldgraphics2@heilbron.co.za Heilbron Herald 058 852 3033

**PERSONALISED SCHOOL LABELS**

Choose your theme and we print your school labels with your name on it!

**Starter Label Pack**
**95x Stickers - R275** Including VAT
- 25x Colour Book Labels (50x70mm)
- 40x Wrap-around Pen & Pencil Labels (35x10mm)
- 20x Multi Purpose Labels (30x70mm) Lunch Boxes, Juice Bottles, Pencil Case, Sport Equipment
- 10x Round Multi Purpose Labels (40x40mm)
- 2x Bag Tag with Keyring (60x35mm)
- 1x Permanent Marker

**Mini Label Pack**
**50x Stickers - R155** Including VAT
- 10x Colour Book Labels (50x70mm)
- 25x Wrap-around Pen & Pencil Labels (35x10mm)
- 5x Multi Purpose Labels (30x70mm) Lunch Boxes, Juice Bottles, Pencil Case, Sport Equipment
- 10x Round Multi Purpose Labels (40x40mm)
- 1x Bag Tag with Keyring (60x35mm)
- 1x Permanent Marker

**Super Label Pack**
**150x Stickers - R350** Including VAT
- 40x Colour Book Labels (50x70mm)
- 60x Wrap-around Pen & Pencil Labels (35x10mm)
- 30x Multi Purpose Labels (30x70mm) Lunch Boxes, Juice Bottles, Pencil Case, Sport Equipment
- 20x Round Multi Purpose Labels (40x40mm)
- 4x Bag Tag with Keyring (60x35mm)
- 1x Permanent Marker

**2023 - 2024**




DUPNO Trading
**AUGERS**
**GRAANDAMME**
**SINKDAMME**
**BUNKERS**
**AFLAAIBAKKE**
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com




**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

VLEISSENTRAAL

## WINKELURE

**Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**




## GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*

**SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R85**
heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 6078



HERALD Sport

# Eerste wen vir Eben

Eben Claassen wen Saterdag se spel en hy is vasbeslote om sy spel aanhoudend te verbeter. Die klub is baie trots op sy gedetermineerdheid. Die baan is in 'n ongelooflike mooi toestand en al die lede word aangemoedig om te kom speel. Verminderde "Weekday Green Fees" word aangebied vir die res van Januarie, dit gee enige iemand die geleentheid om te kom speel. Die klubsaal is beskikbaar om te huur vir enige spesiale geleenthede van verjaarsdae en troues tot korporatiewe byeenkomste.
Die komitee sien baie uit na die jaar se opwindende kalender. Die eerste gholfdae op die agenda is 20 Januarie (New year`s Resolutions Day) en 27 Januarie is die HBA Monthly Mug. Volledige inligting oor die dae sal bevestig word. Môre is gewone spel vanaf 10:30 en almal is welkom om te speel of om die klub sosiaal te besoek.



*Foto regs: Shaun Hayward (voorsitter) en Eben Claassen (wenner).*

Akro-kidz Gimnastiek
Gimnastiek lesse tot en met 7 jarige ouderdom
Inskrywings open **Januarie 2024**
**Lesse begin die 3de April 2024 (Kwartaal 2)**
R600 per skool kwartaal
R200 registrasiefooi
Lesse word aangebied by die kleuterskole in Heilbron tydens skooltyd
**Beperkte spasies beskikbaar!**
Kyla de Lange: 073 086 2230

HEILBRON GHOLFKLUB
Jannworry / No Worries
Green Fee Special
9 Holes R50 18 Holes R80
Weekdays Only (Tuesday – Friday)
Promotion valid: 16 January - 31 January 2024



Members & Non Members Welcome

HEILBRON GHOLFKLUB
Host your SPECIAL EVENT at our Club Hall
For Only R1500
Cutlery, Cash Bar Tables & Chairs are included
Enquiries: Can be made at Club Or WhatsApp: 082 940 3183
Visit our Facebook page for previous event photos
T&C Apply

WINKELURE
MAANDAE - DONDERDAE: 07:30 - 17:00
VRYDAE: 07:30 - 16:30
SATERDAE: 08:30 - 13:00
Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos: heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald Office National

## RIEMLAND JAGTERSVERENIGING 2024 JAARPROGRAM

| DATUM | BESONDERHEDE | TYD |
|---|---|---|
| 3 FEBRUARIE | PRETSKIET | 9:00 |
| 17 FEBRUARIE | .22 EN JAGGEWEER HANDWAPEN SPORTSKIET | 10:00 |
| 9 MAART | SKIET OEFENING | 9:00 |
| 16 MAART | .22 EN JAGGEWEER EN HANDWAPEN SPORTSKIET | 10:00 |
| 13 APRIL | RIEMLAND OPE PRYSSKIET / SPANSKIET | 9:00 |
| 18 MEI | CHASA KWALIFISERING / VERBETERING | 9:00 |
| 8 JUNIE | .22 EN JAGGEWEER HANDWAPEN SPORTSKIET | 10:00 |
| 06 JULIE | LANGAFSTANDSKIET | 9:00 |
| 17 AUGUSTUS | .22 EN JAGGEWEER HANDWAPENSPORTSKIET | 10:00 |
| 07 SEPTEMBER | JEUGSKIETDAG | 9:00 |
| 05 OKTOBER | GROEPERING SKIET / TROFEE MEET | 9:00 |
| 08 NOVEMBER | JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK | 18:30 |
| 20 NOVEMBER | "D-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTERS STATUS | |

PitStop vir Jesus
3 FEBRUARIE 2024
saam Marié Bosman
GRATIS INGANG & ETE
NG-SUID KERKSAAL, HEILBRON
OM 13:45
Keuses en Sy Koninkryk!
CHICKEN OR BEEF?
BESPREEK TEEN 31 JANUARIE
TANYA: 083 975 8264
ALET: 060 518 1775
PitStop vir JESUS

BKB
FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Donderdae - Royal Auction Centre
Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Jan-Hendrik Claassen: 074 490 5451



Waar sake elke keer die eerste keer reg gedoen word!

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
BELANGRIKSTE veilings
**MAANDAG - 15 JANUARIE 2024**
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
**DINSDAG - 16 JANUARIE 2024**
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312
WAKKERSTROOM: Mooibank Boerdery
450 Beefmasters
11:00, plaas Langkloof
Kontak Hannes Hugo 082 823 7631
**WOENSDAG - 17 JANUARIE 2024**
DANIËLSRUS Kwartaallikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
**DONDERDAG - 18 JANUARIE 2024**
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
DE JAGERSDRIFT Maandelikse veiling
Kontak Enrico Williams 078 937 0923
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979
DEALESVILLE: MERWIE FOURIE EIEDOMME, BONSMARAS & AFRINO SKAPE
11:00, plaas Kromloop
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443
**VRYDAG - 19 JANUARIE 2024**
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za